# St. Cecilia

## 22 November



(2de eeu)

Een van die bekendste maagde en martelaresse in die Vroeë Kerk. Sy was die dogter van ’n ryk toonaangewende heidense familie in Rome. In die geheim het sy Christen geword en toe haar ouers ’n heidense eggenoot vir haar kies, weier sy om met hom te trou en kom dit aan die lig dat sy lid was van die gehate Christene. Dit lei tot haar dood. Haar naam is baie vroeg by die Romeinse Kanon (die Eerste Eucharistiese Gebed) gevoeg. Hoewel sy aanvanklik in die begraafplaas van Callistus begrawe is, is haar relieke deur pous Paschalis (817-824) oorgebring na die basiliek van Santa Cecilia in Trastevere. Sy word vereer as die beskermheilige van musici en kerkmusiek

© Die Oratorium Uitgewery